

Sing vooraf staande: Psalm 51:6 (p. 261)

- 6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondaars bly verkondig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 84:1 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet antwoord ons met Psalm 19:4 (p. 83)

Wet

Psalm 19:4 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Gebed

Psalm 119:51 (p. 596)

- 51 HEER, u woord, dit is gelouterd / en bemind deur my, u kneg,
wat, hoewel hy klein, verag is, / nog aan u bevel bly heg.
U geregtigheid bly ewig, / onveranderlik bestaan,
en u waarheid is 'n waarheid / wat nie wankel of vergaan.

Skriflesing: Nehemia 8

Teks: Nehemia 8:13c

(8:13) Toe het die hele volk weggegaan om te eet en te drink en porsies te stuur en groot vreugde te bedrywe; want hulle het ag gegee op die woorde wat aan hulle bekend gemaak is. (Nehemia 8:12 AFR1953)

Bekering kan menslik gesien te laat kom omdat dit kan intree nadat jy as mens baie skade opgedoen het. Bekering kan deur dood en geweldige hartseer op jou afgedwing word – 'n baie duur prys om te betaal as jy die Here wegskuif.

- 1. Die smarte van die verlede**
- 2. Die oomblik van bekering breek aan**
- 3. Die hartsverandering by die volk**

1. Die smarte van die verlede

Die ellendes van hierdie volk was al vir ongeveer een honderd jaar besig om op hulle gewreek te raak.

- Profete het vir baie jare gewaarsku dat die uitverkore volk besig is om in hulle geloof en godsdiens te verval.
- Al hoe langer hoe meer was daar mense wat allerhande verskuiwings in hulle godsdiens laat plaasvind het.

Sommiges het hulle godsdiens so gemoderniseer dat die Here gesê het dat dit afgodsdiens geword het.

- Ander het die politiek van die dag die verlossingsevangelie gemaak.
- Nog ander het met doodgewone rowery en bedrog 'n bestaan gemaak.
- Deurentyd was die prediking van die profete daar dat die volk tot bekering moes kom.

Bekering het uitgebrei.

- Daarom het die Here die Babiloniërs gestuur.
- 'n Bitter oorlog het hom afgespeel waarin baie duisende mense doodgemaak is.
- Die res is in ballingskap weggevoer.

In die vreemde was daar voortdurend 'n aanslag op die geloof van die wat die Here wou aanbid.

- Dink maar aan die beeld wat aanbid moes word en die vriende van Daniël wat in die vuuroond beland het.
- Dink ook aan die latere geskiedenis in die tyd van Ester en Mordegai, en die grootskaalse beplanning om die Jode uit te roei.
- Daar was die hartseer oor hulle land wat in vreemde hande geval het, en oor Jerusalem wat verwoes is.

Toe was daar die terugkeer onder Esra en Serubabel.

- Maar steeds het bekering uitgebrei.
- Blykbaar was daar meer 'n gevoel van patriotisme wat die klompie Jode wat teruggekom het gedryf het as wat dit bekering tot die Here was.

Teëspoed het hulle aanhoudend getref.

- Dink aan die bedreiging van Tobia, Sanballat en Gesem.
- Die mure van Jerusalem kon nie herbou word nie, en met die tempel se herstel is daar ook nie gevorder nie.
- Die volk het nog nie tot ware bekering gekom nie.

Esra het later moed opgegee met die volk.

- Hy het later huilend voor die huis van God gaan neerval en belydenis gedoen van al die sondes van die volk (Esra 10:1).
- Dit was later so erg dat daar 'n groot vergadering van mans en vrouens daar by hom saamgekom het en gehuil het oor hulle sondes.

Hulle het besef dat die ellendes onder andere was as gevolg van die feit dat van hulle met allerhande heidense vrouens getroud was, en die invloed van die vrouens was baie sterk. Daarom het hulle toe ooreengekom om al die vreemde vrouens, en die wat kinders gehad het se kinders ook, terug te stuur waar hulle vandaan gekom het.

2. Die oomblik van bekering breek aan

Al die pyn en hartseer het iets in die volk wakker gemaak.

- Toe hulle hulle volslae magteloosheid teen die Here belewe het, het hulle besef dat hulle moet gaan hulp soek, anders gaan hulle met totale vernietiging gekonfronteer word.

So het daar 'n dag aangebreek dat die hele volk soos een man op die plein voor die Waterpoort bymekaargekom het.

- Let op: Die volk het in beweging gekom.
- Hulle is nie gesoebat om saam te kom nie.

Die volk het 'n bepaalde opdrag:

- Hulle gaan na Esra die Skrifgeleerde toe en beveel hom om die wetboek van die Here te gaan haal.
- Hulle wil weet wat die Here alles vir Moses gesê het en wat Hy hulle alles beveel om te doen.

Kyk na hulle gesindheid.

- Hier het 'n groot klemverskuiwing gekom: Hulle het nie meer aan uiterlike dinge gebou nie.
- Hulle het begin om na binne toe te bou.

Die klemverskuiwing was ook korrek, want uiterlike bouwerk laat mens nie oorlewe nie.

- Jy moet by jou verhouding met die Here begin.
- Die Nuwe Testament leer ook dat ons eerste die koninkryk van die hemele moet soek en dan sal die res bygevoeg word.

Esra het die wet van die Here geneem en op 'n verhoog gaan staan en vir die volk verskillende gedeeltes uit die wet voorgelees.

- Hy het hierdie gedeeltes ook vooraf voorberei en dertien manne gereed gekry om saam met hom die volk in hierdie sake te onderrig
- Nadat Esra vir ses uur lank voorgelees het, het die volk in veertien groepe verdeel en het Esra en die manne wat langs hom gestaan het, die volk deeglik onderrig in die dinge wat voorgelees is.

Al hierdie dinge gebeur op die eerste van die sewende maand.

- Dit is op die nuwejaarsfees.
- Die Here het vir hierdie fees bepaalde voorskrifte gehad, en onder andere het Esra hierdie voorskrifte aan hulle voorgelees.
- Dadelik het hierdie mense die Here se wet en voorskrifte as hulle lewensreël verhef.
- Die nuwejaarsfees is gevier in die teken van God se genade en die blydschap wat hoort by mense wat hierdie blydschap ken.

3. Die hartsverandering by die volk

Die volk het vir ses uur aanmekaar gestaan en luister hoe word daar uit die wet (dis die eerste vyf boeke van die Bybel) vir hulle voorgelees.

- Hulle het nie moeg geword van luister nie.
- Dis duidelik dat daar 'n besondere werking van die Heilige Gees in hulle was, want die Bybel sê dat hulle die hele tyd aandagtig geluister het.

In hulle harte was daar steeds iets aan die gebeur.

- Toe hulle so staan en luister het hulle blykbaar baie bang geword vir die Here – met rede, want hulle het toe al vir baie lank die strawwende hand van die Here op hulle gevoel.

- Hulle het uit eie ervaring geweet dat jy geen kans het om teen die Here op te staan as jy by Hom in die moeilikheid raak nie.

Daar het toe swaar berou oor hulle sondes op hulle toegesak en hulle het gehuil oor hierdie toestand waarin hulle hulleself gedompel het.

- Nehemia en Esra het dadelik besef dat die Here nie 'n gehuil op die nuwejaarsdag wil hê nie.
- Die Here wil hê dat die volk die nuwejaar in die vreugde van God se genade moet begin.

Hulle het toe ingespring en die volk probeer kalmere.

- Aanvanklik kon hulle twee dit nie alleen regkry nie, en hulle het toe die hulp van die Leviëte ingeroep.
- Uiteindelik het die hele volk saam fees gevier en van die offers wat gebring was, ook vir die armes porsies gemaak, sodat ook hulle saam kon deelneem aan die vreugde in die Here.
- Kyk na die bewoënheid oor mekaar wat dadelik na vore kom waar mense weer terugkeer in volle oorgawe na die Here toe.

Die geestelike groei en die hongersug wat daar by die volk was om weer op 'n reguit pad met die Here te kom, is opvallend.

Die tweede dag toe stuur hulle die familiehoofde terug om nog meer te leer.

- Esra het toe gaan sit en hulle verder in die wet onderrig.
- Toe vind hulle uit dat die Here in Moses se tyd al opdrag gegee het dat hulle elke jaar in die sewende maand drie feeste moes hou.
 - Op die eerste van die maand moes hulle nuwejaarsfees hou.
 - Op die tiende van die maand moes hulle die groot versoendag vier.
 - Op die vyftiende van die maand moes hulle vir sewe dae lank die huttefees vier.

Hulle het toe al die mense opgeroep en sommer laat weet dat hulle genoeg takke ook moet saambring om hutte mee te bou as hulle in Jerusalem kom.

Toepassing

Wat is die betekenis van hierdie gedeelte ?

- Dit is 'n swaar waarskuwing dat jy die Here kan verloor terwyl jy dink dat jy Hom dien.
- Dit is wat hierdie volk oorgekom het –
- so erg dat hulle die Bybel as 't ware van nuuts af ontdek het.
- Hulle vind toe na 'n byna tien eeue weer uit dat die Here van hulle verwag om die loofhuttefees te vier.

Die verdere betekenis lê ongetwyfeld in die totale oorgawe waarmee hierdie mense hulle in hulle aanbidding aan die Here oorgegee het.

- Natuurlik kan ons dit nie losmaak van hulle diepe berou oor hulle sondes nie.
- Ook in hulle ywer om die wet van die Here te leer en te onderhou.

Ons Nuwe-Testamentiese Christene moet onself net die vraag afvra of dieselfde oorgawe en bereidheid tot bekering ook in ons lewe.

- Ons weet dat alles wat die Jode oorgekom het, die vrug van die werk van die Heilige Gees was.
- Die spontane jubeling waarmee hulle op Esra se preek kon sê: **Amen, amen!** en diep neerbuig aarde toe met hulle hande na die Here toe uitgesteek moet by ons ook wees.

Soveel te meer omdat hulle jubeling 'n getuienis was daarvan dat hulle die genade van God ervaar het in die begin van die nuwe jaar.

- Wie kan meer as ons jubel – want ons lewe in die volle liefde van Jesus Christus.
- Ons het die getuienis dat die volle verlossingsgenade van God in sy Seun oor ons waar geword het.
- Ons hoef nie soos die Jode met 'n ballingskap gestraf te word oor ons eie sondes en ons volksondes nie.

Ons moet net onthou dat die Ballingskap in 'n sekere sin die simbool daarvan is dat die Here nie sal huiwer om ons wel te straf en selfs te vernietig as ons Hom nie wil aanbid en verheerlik nie.

- Die mense wat egter die genade en die liefde van God ken en belewe, weet dat daar vir ons 'n ander pad is.
- Die pad waarop mens ag gee op die woorde van die Here wat Hy aan ons bekendmaak in sy Woord.
- Dit is 'n pad van volle oorgawe en diep-diep aanbidding.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:11 (p. 446)

11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 14 Maart 2010